DIE GEREFORMEERDE KERK
PIETERSBURG

# Die Basuin

9 Januarie 2022

Predikant: Ds. S.P. Venter
Pastorie: 015 296 1840
Sel: 082 809 0222
Epos: sarel.pventer@gmail.com

| | |
|---|---|
| **EREDIENS** | **Ds. Sarel Venter** |
| **Skriflesing** | 1 Petrus 1: 1 - 9 |
| **Tema** | Christene leef loflewens! |
| **Sang** | Psalm 145: 1, 5, 12<br>37: 2, 3<br>Skrifberyming 14-3: 1, 4<br>Lied 431: 1, 2<br>Skrifberyming 14-2 |

Watter woorde beskryf ons lewe? Is dit hoop, vreugde en onuitspreeklike en heerlike blydskap? Ek dink baie van ons sal dadelik reageer en sê dat dit nie eintlik waar is van ons lewens nie. Petrus skryf die brief kort voor hy as martelaar sterf. Die mense aan wie hy hierdie brief skryf, is sleg behandel omdat hulle Christene is. Hulle is verontreg, verdag gemaak, geboikot en vervolg deur die Romeine, Jode en familielede wat nie tot geloof gekom het nie. Gelowiges waaraan die brief geadresseer is se omstandighede was so moeilik dat hulle dreig om tou op te gooi.

Wat of wie is die bron van ons loflewens? Die bron van ons loflewens is God en ons status in Hom. Wie is ons in Hom?
1. Ons is uitverkorenes van God. Die Vader, Seun en Heilige Gees werk saam in ons verkiesing en verlossing. God die Vader het ons gekies en ons syne gemaak lank voordat ons Hom gekies het.

Die Almagtige God het in genade besluit om jou Sy kind te maak. Hy het aan ons nuwe lewe geskenk deur die opstanding van Christus uit die dood. Die Heilige Gees het ons vir God afgesonder om aan Hom gehoorsaam te wees. Die Gees lei ons tot geloof en daardeur staan ons in ‘n nuwe verhouding met die Here.

2. Ons is vreemdelinge in die wêreld. Die gelowiges waaraan Petrus die brief stuur, was politieke en burgerlike vreemdelinge wat nie regte gehad in die gebied waarin hulle gewoon het nie. Hulle was ook geestelike vreemdelinge. So is kinders van die Here vandag steeds vreemdelinge. Ons is in die wêreld maar nie van die wêreld nie (Joh 17:14). As ons opstaan en ‘n verskil maak vir Christus, sal ons verstoot word en daar sal teen ons gediskrimineer word. Geestelike vreemdelingskap vra van ons ‘n prys. Beproewings gaan oor ons pad kom. Ons kan ons verheug oor beproewings, want dit gaan ons vir ‘n kort tydjie bedroef maak, maar ons geestelike lewens vir altyd verdiep en dit loop vir ons uit op ‘n ewige heerlikheid. Soos goud vir ons kosbaar is, so is ons geloof kosbaar vir God. Soos goud gelouter word, so sal ons gelouter word om suiwer voor Hom te leef. Dit is die Heilige Gees se heiligmakende krag wat in en deur ons werk.

3. Petrus skrywe aan gelowiges wat ‘n lewende hoop het op die onverganklike, onbesmette en onverwelklike erfenis wat in die hemel vir ons in bewaring gehou word. Hierdie erfenis sal nie stukkend of verlore raak nie, want God bewaar dit vir ons. Ons wat glo, is seker dat ons sal deel in die erfenis, want nie net bewaar God ons erfenis nie, Hy bewaar ons ook.

Hy hou ons vas sodat niks ons geestelik kan seermaak nie. En ons erfenis is nie net vir eendag nie, ons deel nou reeds aan die saligheid wat die einddoel van ons geloof is. Ons lewe met lof, want Jesus Christus is op pad. Ons deel reeds in 'n lewe van oorvloed wat Hy aan ons skenk. Wanneer Hy weer kom, sal God ons laat deel in die volmaakte erfenis wat Hy vir ons gereed gemaak het. Hierdie wete vervul ons met 'n onuitspreeklike en heerlike blydskap. As jy 'n lang-gesig-swaarkry-mens is, is jy òf nie 'n gelowige nie òf jy verstaan nog nie en leef nog nie uit die waarheid dat God jou gekies het nie, dat jy 'n vreemdeling in die wêreld is en dat jou toekoms in Hom vas en seker is nie.

## OOG VIR MEKAAR



* Ons bid vir Hennie Oelofse wat baie pyn verduur. Ons dank die Here vir Julie wat hom getrou versorg.
* Ons bid vir Sarie Bronkhorst wat in Mediclinic opgeneem is. Sy het ook positief getoets vir Covid.
* Antoinette Sauerman ondergaan die 20ste 'n operasie aan haar hand. Ons bid dat jy gou beide jou hande kan gebruik.
* Ons vra dat almal steeds gehoor sal gee aan al die reëlings rondom die pandemie. Maskers is en bly verpligtend.
* Ek vertrou dat almal reg en gereed vir die nuwe jaar skooljaar is. Seën vir ons ouers, leerders en opvoeders. Ons bid vir lig en visie sodat die beste omgewing geskep kan word vir al ons kinders.

## *GEDAGTE VIR DIE WEEK*

*En dit is die ewige lewe: dat hulle U ken, die enigste ware God, en Jesus Christus, wat deur U gestuur is.*

*Johannes 17: 3*

## BYBELSTUDIE

Neem asseblief kennis dat ***Bybelstudie*** eersdaags weer sal hervat.

Hou die Basuin dop vir datums.





# KALENDER



| ***Verjaarsdae*** | | | | |
|---|---|---|---|---|
| **Datum** | **Naam** | Ouderdom | **Belydend/Doop** | **Sel/Tel no.** |
| Ma 10 Jan | Julie Oelofse | 58 | B | 083 633 5168 |
| Di 11 Jan | Gavin Nel<br>Elizabeth Reinecke | 55<br>24 | B<br>B | 082 565 8441<br>078 386 9084 |
| Vr 14 Jan | ***Sarie Hattingh **** <br>Antonie Weideman<br>Sheralyn jv Rensburg<br>Lumari vd Merwe<br>AB Grobler | ***74***<br>52<br>33<br>19<br>11 | B<br>B<br>B<br>B<br>D | 082 567 0518<br>082 846 6850<br>084 785 3598<br>079 169 4006<br>071 885 8928 |

| **Huweliksherdenkings** | | | |
|---|---|---|---|
| **Huweliksdatum** | **Lidmate** | **Jare Getroud** | **Sel/Tel no.** |
| 9 Jan 1988 | Deon & Elaine Grobler | 33 | 082 671 7343<br>083 276 3701 |
| 9 Jan 2010 | Riaan & Colette Du Plessis | 11 | 063 777 1675<br>082 751 0796 |
| 10 Jan 2015 | Hendrik & Comin vd Walt | 6 | 072 200 1100<br>084 438 6872 |

# KERKRAAD

Ter approbasie word die volgende broers aan die gemeente voorgehou as ouderling en diaken:

**Ouderlinge:**
Martin Erasmus
Willie Eilers
Kobus Coetsee

**Diaken:**
Rika Jongbloed
Ruan Olivier
JN Beyeneveldt
Matthew Llewellyn

Voorstelle van die gemeente kan ook gemaak word , deur broers en susters te benoem om as ouderling of diaken dienswerk binne die gemeente te doen.

**Preke, dagstukkies en Die Basuin :**

Kan afgelaai word op:

www.gereformeerd.co.za

**Koster**
Nantes Kotze
015 296 0054
081 424 9651

**Orreliste**
Barbara Nagel
083 260 9581

Marisa Linde
083 408 2100

| | |
|---|---|
| **Kerkkantoor** | Nantes Kotze |
| Faksnommer | (015) 296 0054 (Tel/Faks)<br>086 293 4674 (Faks) |
| Epos | admin@gereformeerd.co.za |
| Webwerf | |
| Kantoorure | Ma, Wo, Vr. – 08:00 tot 12:00 en Sondagoggend na erediens |
| **Bankbesonderhede** | |
| **Kerkkas** | ABSA Tak 334-248<br>Tjekrek 11-5034-0426 |
| **Diakonie** | ABSA Tak 632-005<br>Tjekrek 11-5034-1287 |
| **Koningskinders** | ABSA Tak 632-005<br>Geldmarkrek 91-9071-1847 |
| **Geref. Susters Org. Pietersburg** | ABSA Tak 632-005<br>Tjekrek 11-5034-0191 |
| **Aktiwiteitskommissie** | ABSA Tak 632-005<br>Tjekrek 40-6962-4784 |

Die Finanskommissie versoek dat lidmate, waar moontlik, alle bydraes en kollektes per elektroniese oorplasing doen. Sien bankbesonderhede hierbo

*Soos God die Vader dit vooraf bestem het, het Hy julle uitverkies en deur die Gees afgesonder om aan Hom gehoorsaam te wees en besprinkel te word met die bloed van Jesus Christus. Mag daar vir julle genade en vrede in oorvloed wees!*

*1 Petrus 1: 2*



ALLE NUWE INTREKKERS MELD AAN BY DIE KERKKANTOOR NET LANGS DIE KONSISTORIE NA AFLOOP VAN DIE EREDIENS